

Kerngedagtes: Sessie 3: Die waarde van 'n mens

- Alle mense is waardevol omdat ons deur God gemaak is, en nie op grond van wat ons het of kan doen nie. Ons besef ons eie waarde eers wanneer ons tyd met God deurbring.
- Wanneer ons ons eie waarde besef, kan ons die waarde in ander ontdek, want dan het ons God se bril op, of ons kyk dan met God se oë na ander.
- Die grootste gebod (liefde tot God) en die tweede (liefde vir ons naaste) is baie nou verweef. As ons met die een sukkel, kan die ander een ons help.
- Lewers gebeur iets in ons grootwordjare, waar ons dikwels as baba's en kinders geliefd en waardevol voel, maar later voel ons is die baie werd nie.
- 4 fondasies wat ons met ons saamdra:
 - Ek wil liefgehê wees;
 - Ek wil iemand liefhê
 - Is ek die moeite werd om liefgehê te word?;
 - Nee ek is nie die moeite werd nie!
- Ons kry ons 'nee' antwoord uit ons omgewing: ouers, vriende, onderwysers, ens., in plaas van om 'n 'ja' antwoord by God te kry. Dit gaan oor ons identiteit in Christus. Ons moet hoor as God vir ons sê: Jy is my geliefde seun en dogter!
- Ons moet ons nie met ander vergelyk nie, en ook nie ander oordeel nie, want dan probeer ek my 'reëls' op ander toepas en sê eintlik: Jy is nie goed genoeg nie. Ek moet net onvoorwaardelik lief wees.
- God maak mens waardevol! Daarom moet ek selfs slegte mense liefhê. Ek moet met ALMAL volwasse verhoudings hê.
- Ek respekteer mens nie omdat hulle dit verdien nie, of omdat ek hulle beloon nie. Ek doen dit omdat ek God dien en gehoorsaam is.
- Ons is geleen vir mekaar, die Here is lief vir ons man en vrou en kinders as onself. Ons moet hulle vir die Here gee. Ons moet hulle waarde besef omdat hulle aan die Here behoort.